

**26 Julie**

**Wie hom van God vervreem, ontdek dat God Hom van jou vervreem**

**Skrifgedeelte: Hosea 5:1-7**

**Fokusgedeelte: Hosea 5:7**

Die volk het hulle verbond met God vergeet en korrupsie, onreg en sedeloosheid het gefloreer. Mettertyd het hulle vasgevang geraak in die vangnette van die sedeloosheid van die Baäls se vrugbaarheidsgodsdiens. Die priesters en die landsleiers word in hierdie gedeelte veroordeel, omdat hulle self meedoen aan die heidense praktyke.

Efraim en Israel gaan saam ten gronde, omdat hulle met hoogmoed reken dis hulle lewe en hulle kan hulle lewe inrig soos hulle wil. Hulle het 'n hele geslag van buite-egtelike kinders die lig laat sien. Gevolglik breek die tyd aan dat offers wat hulle op die laaste nippertjie wil bring om God se wil en genade te soek, nie meer aanvaar gaan word nie.

Daar kom 'n tyd dat jou lewenstyl weg van God en sy gebooie af jou so vastrek dat daar geen uitkoms meer is nie. Wanneer ontrouheid in 'n huwelik ontdek word, moet jy aanvaar dat alle deure vir jou toegaan. Niemand het raad vir jou nie. Die seepbel het gebars en mense het hulle respek vir jou verloor. Jou kinders staan ver en jy's vir hulle 'n vreemdeling.

Die ergste skok kom wanneer jy in jou uur van nood van God onthou, na Hom roep en moet ontdek Hy is nie meer daar vir jou nie. Jy het met jou onverskillige plesiersoekery onder die reikwydte van die Gees uitbeweeg. Jy is hoe lank al besig met 'n lewe waar die Gees nie wil asemhaal nie.

'n Volk wat sonder God leef en hulle net toespits op materiële dinge, plesiertogte en oppervlakkige jolyt, sal agterkom God praat nie meer met ons nie. Ons hoor nie meer sy Woord en weet niks meer van sy wil met ons nie. Ons het buite-egtelike kinders geword. Dan word dit tyd om by God te pleit: Vader, kyk na ons deur die oë van u eie, eniggebore Seun en wees ons genadig. In Christus ontdek ons dat daar vir elkeen wat sy sondes bely, weer vergifnis is.

*Sing: Skrifberyming 9-4:4*

*Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*